

**VRAE NA DIE VERWANTSKAP
TUSSEN WYSBEGEERTE EN VAKWETENSKAP,
MET VERWYSING NA OPVOEDKUNDE EN SY VAKFILOSOFIE**

P.G. Schoeman, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van die Oranje
Vrystaat

ABSTRACT

**ISSUES CENTRING ON PHILOSOPHY AND SUBJECT DISCIPLINE, WITH
REFERENCE TO EDUCATION AND ITS SUBJECT PHILOSOPHY**

In this paper it is argued that the pursuit of all special sciences is always intimately interwoven with, and can in fact never be separated from, presuppositions which are essentially philosophical in nature. The peculiar nature of philosophy is investigated and the relationship between philosophy and the various special sciences is indicated. From this survey it is concluded that particular philosophical presuppositions exert an a priori influence on the most concrete problems of any particular science. It thus becomes apparent that even education as a special area of scientific investigation can never be regarded as possessing an essential autonomy with respect to philosophy in the sense of a theory of reality.

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Die opvatting dat vakwetenskappe nie in 'n "lugleegte" beoefen word nie en dat vakwetenskaplike bevindinge gevolglik in mindere of meerder mate 'n refleksie sal wees van bepaalde vóór-wetenskaplike oortuigings, skyn in ons dag al meer steun onder wetenskapsteoretici te geniet (1). Hierdie opvatting aangaande die essensieel gekompromitteerde (resp. religieusbetrokke) aard van alle menslike aktiwiteite, en derhalwe ook van die wetenskapsbedryf, was - en is nog steeds - een van die grondpeilers van die Christelik-reformatoriese wetenskapsbeskouing. In die lig hiervan is dit dan noodsaklik dat kritiese besinning oor die apriorieë wat alle vorme van vakwetenskap onderlê, in Christelik-reformatoriese kringe nooit agterweë gelaat sal word nie. Hierdie studie wil dan ook 'n bydrae lewer in die voortgaande nadenke oor die wyse waarop die wysbegeerte in die besonder (asook bepaalde meta-teorieë wat daaraan onderliggend is) bepalend is vir die wyse waarop die vakwetenskappe, en in die onderhawige geval die opvoedkunde as vakwetenskap, beoefen word.

2. ENKELE GEDAGTES OOR DIE AARD EN TAAK VAN DIE WYSBEGEERTE

Met betrekking tot die "presiese" aard van die wysbegeerte bestaan daar maar weinig eenstemmigheid (vgl. Dooyeweerd, 1953:34; Van Riessen, 1970:9, 29, 32; Störig, 1974:7-18; Von Rintelen, 1973:1-6, ens.) Dit bly egter uiters problematies om te moet aanvaar dat die sogenaamde "ware" wysbegeerte telkens sy aanvang neem met die denkuitkomste van die een of ander besondere denker of denkskool. Inderdaad, word die volle spectrum van die wysbegeerte in oënskou geneem, val dit op dat wysgerek hulle sedert die vroegste tye besig gehou het met min of meer dieselfde probleme as wat in ons dag die aandag van filosowe in beslag neem. Sonder uitsondering moet ook die moderne wysgeer terugkeer na vrae waarop daar skynbaar sedert die aanvang van wysgerige besinning in die Westerse beskawing nog nie uitsluitsel gegee kon word nie. Dit is egter sonder meer duidelik dat vrae na byvoorbeeld die aard van reg en

geregtigheid, van vryheid, gesag, die mens, die sin van die menslike bestaan, die doel van die lewe, die dood, die lot wat hom tref na die dood, ensovoorts (vgl. Van Riessen, 1970:11, 26, 27; Strauss, 1978:7; Störig, 1974:13) vir die mens - ongeag of hy die vraag stel in sy sogenaamde naiewe belewing van die werklikheid, en of hy dit as wetenskaplike langs 'n logies-teoretiese weg wil deurgrond - van die uiterste belang is. Antwoorde op hierdie vrae besit eksistensiële status in die lewe van elke mens omdat hierdie antwoorde hom ten diepste raak en bygevolg sy lewensuitkyk ook ten diepste bepaal. Nou wys Van Riessen in hierdie verband op die ironie dat die mens nooit werklik uitsluisel oor dergelike vroeg kán verkry nie, nog vanuit die oord van die vakwetenskappe, nog vanuit die oord van die wysbegeerte. Hierdie vroeg is sonder twyfel grensvrae waarop die mens steeds antwoorde sal bly soek, en alhoewel hy algaande sy insig in hierdie grensproblematiek mag verbreed en verdiep, verlê hy maar net daardeur telkens die horison van hierdie ondeurgrondbare vroeg. Wat egter belangrik is vir die bepaling van die opgawe van die wysbegeerte, is dat die wysgeer - ongeag die besondere pretensies wat hy daarop mag nahou - hom vanweë die aard van sy besondere wetenskaplike gesigshoek steeds binne die trefwydte van hierdie grensproblematiek bevind (vgl. Van Riessen, 1970:11).

Uit die mens se tegemoetreding van grensprobleme blyk dit spoedig dat dit selfs vir die persoon in die naiewe belewing van die werklikheid moontlik skyn te wees om 'n "greep" te kan kry op hierdie vroeg wat van fundamentele belang vir sy bestaan as mens is. Dit beteken sonder meer dat die mens, ongeag die mate van wetenskaplike opheldering wat daar reeds met betrekking tot bepaalde grensprobleme bestaan, nie geheel en al afhanklik van 'n wetenskaplike deurskoue van die besondere lewensprobleme skyn te wees nie. Alle mense beskik immers oor 'n nog "fundamenteler" moontlikheid om te kan ken, naamlik dit wat Van Riessen die "raadzelachtige intuïtie" noem. Dit is dan inderdaad selfs vir die nie-wetenskaplike moontlik om grensbegrippe, soos lewe, reg, vryheid, liefde en so meer, te begryp sonder dat 'n nadere, wetenskaplike presisering van dergelike begrippe noodsaaklik is (Van Riessen, 1970:19). Dit blyk egter dat elke poging tot die nadere bepaling van besondere grensbegrippe steeds afhanklik bly van ander woorde en begrippe wat weer op hulle beurt om verdere verduideliking en opheldering vra. Dit lei dan ook geen twyfel nie dat daar agter alle deur-analise-

gevormde en -geartikuleerde kennis 'n dieptelaag van (intuitiewe) insig bestaan wat uiteraard veel verder reik as die teoreties-logiese uitleg van die betrokke problematiek (Van Riessen, 1970:19).

Dit is dan ook juis ten opsigte van hierdie grensproblematiek dat die opsigtelike verskil tussen die aard en taak van die wysbegeerte en die van die onderskeie vakwetenskappe (i.c. die opvoedkunde as vakwetenskap) aangemerkt kan word. Wysbegeerte, net soos alle vorme van vakwetenskap, is wetenskaplik van aard in dié sin dat dit sowel die struktuur vertoon, as die metode aanwend wat eie is aan die wetenskap (2) (Van Riessen, 1970:25). Wysbegeerte en vakwetenskap verskil egter van mekaar ten opsigte van die onderskeie wetenskaplike perspektiewe wat op die werklikheid verkry wil word. Waar vakwetenskappe 'n besondere, modaal-afgebakende veld van onderzoek wetenskaplik benader, is wysbegeerte betrokke op die universele (3), op dit wat Van Riessen (1970:26) as die "omvattende" tipeer, dog dan ook juis in die sin dat dit sig op die mees fundamentele wyse rig op grensvrae wat op die "horison" van menslike ervaring geleë is. Dit fokus met ander woorde op die omvattende terrein van letterlik alle grensprobleme, dog soek ook in die besonder na antwoorde op probleme soos die verhouding tussen eenheid en veelheid; die geheel en sy dele; die universele en die individuele; die synde en die wordende; die aard van die ordelikheid wat in die werklikheid aangetref word; die aard van kennis; die moontlikheid daarvan, en so meer. En in die lig van sy betrokkenheid op die grensproblematiek in die lewe van die mens, tipeer Van Riessen wysbegeerte as die "wetenschappelijk streven naar wijsheid" (1970:26).

Volgens Van Riessen ontstaan daar egter van tyd tot tyd 'n vry ernstige strewe by sommige vakwetenskaplikes om hulle geheel en al te ontworstel aan die wysbegeerte. Hierdie "emansipasiestrewe" is ook nie altyd verbasend nie, want die wysbegeerte stel keer op keer teleur, juis vanweë die onoorkomelike probleem dat grensvrae nie op andoende wyse beantwoord kan word, en grensprobleme nie geheel en al onoplosbaar is nie. Desondanks bly dit nie moontlik vir enige vakwetenskap om sonder die ondersteuning van die wysbegeerte doeltreffend te kan funksioneer nie. Inderdaad, die blote vraag na wat die taak van die onderskeie vakwetenskappe behels, is geen vakwetenskaplike vraag, en kan bygevolg ook nie op bevredigende wyse vanuit die "domein" van die onderskeie vak-

wetenskappe beantwoord word nie. Die wetensgebied van die wysbegeerte staan derhalwe nooit geïsoleerd van ander wetensgebiede (i.c. die vakwetenskappe) nie, maar bly steeds in die mees fundamentele sin op hulle betrokke. En ook oor hierdie grondleggende verhouding tussen wysbegeerte en die vakwetenskappe kan slegs die wysbegeerte op afdoende wyse uitsluisel gee aangesien slegs in terme van wat Van Riessen 'n "omvattende benadering" noem, enigsing tot insig in dergelike verhoudinge gekom kan word.

Die "verleenheid" van die wysbegeerte bly dan dat dit die grensprobleme wat op die terrein van die onderskeie vakwetenskappe tegemoet getree word, nie altyd op bevredigende wyse (doeltreffend) kan oplos nie (Van Riessen, 1970:28). Maar desondanks mag geen vakwetenskap die wysbegeerte die rug toekeer nie. Immers, hierin lê huis ook die "verleenheid" van die vakwetenskappe, naamlik dat elke vakwetenskaplike bewering met grensprobleme "gelai" is, en dat hierdie grensprobleme, vanuit vakwetenskaplike gesigshoek gesien, net so helder en betroubaar is as die wysgerige insig in die onderhawige (vakwetenskaplike) grensproblematiek (Van Riessen, 1970:28).

Wat in hierdie verband egter van besondere belang is, is dat ook die onderskeie vakwetenskappe - in hulle wetenskaplike ondersoek van die werklikheid - hulle aandag toespits op grensprobleme, terwyl die wysbegeerte daarenteen selde of ooit poog om ver te reik op die terrein van die vakwetenskappe. Daarby moet bedink word dat ook grensprobleme self met verloop van tyd aan wysiging onderhewig is sodat dit mag gebeur dat wat aanvanklik tot die terrein van grensprobleme behoort het, op 'n later stadium gereken mag word tot die terrein van die een of ander vakwetenskap. Daarom was die dimensie van grensprobleme as navorsingsterrein van die wysbegeerte dan ook deur die eeu heen aan verandering en aanpassing onderhewig. En wat in die onderhawige verband van besondere belang is, is dat die onderskeie vakfilosofieë, waaronder die filosofie van die opvoedkunde, ook in die sogenaamde grensgebiede geplaas moet word omdat hulle, volgens Van Riessen, 'n brug vorm "terwijl zij zich concenteren op de typische grensproblemen van het vakgebied" (my kursivering) (1970:28).

Anders as in die geval van die vakwetenskappe waarin stelselmatig "voortbeweeg" word in die sin dat daar 'n ooglopende toename in kennis en insig op 'n besondere vakgebied aangemerk kan word, vind ons dat die wysbegeerte telkens maar weer voor dieselfde grensprobleme te staan kom, hoewel dit - volgens Van Riessen - hierdie grensprobleme steeds "in meer fundamentele gedaante voor sich krijgt" (1970:29). In hierdie verband moet verder bedink word dat waar daar in die vakwetenskappe sprake is van harmonie en eenstemmigheid tussen vakgenote, die wysbegeerte daarenteen geneig is tot skoolvorming, grootliks vanweë die uiteenlopendheid van - selfs teenstellinge tussen - standpunte (vgl. Van Riessen, 1970:29). Omdat skoolvorming ten nouste saamhang met grensprobleme, en aangesien hierdie grensprobleme nie langs wetenskaplike weë oplosbaar skyn te wees nie, is daar egter selfs in die geval van die vakwetenskappe sprake van skoolvorming. En hierdie verskynsel is ook geensins verbasend nie, want opvattinge rakende grensprobleme steun swaar op menslike intuïsie en verteenwoordig ook altyd 'n bo-wetenskaplike kyk op die werklikheid, 'n perspektief wat uiteraard op bepaalde geloofsoortuiginge berus en ten diepste verwortel lê in 'n religieuse voedingsbodem wat op onmiskenbare wyse as vooronderstelling vir alle wetenskapsbeoefening funksioneer. En langs hierdie weg ontstaan verskille "die weliswaar niet buiten wetenschappelike discussie staat, daarin selfs essensieel zijn voor de wijsbegeerte, maar die in de weg van wetenschappelike overreding niet op te heffen zijn" (Van Riessen, 1970:29).

Vanweë die besondere "verleenheid" waarin die wysgeer hom dan telkens bevind met betrekking tot sy onvermoë om tot finale en sluitende antwoorde op sy besondere wetensgebied te geraak, ontstaan die versoeking soms by wysgere om, net soos in die geval van talle vakwetenskaplikes, alle grensprobleme as vermeend onwettige en buite-wetenskaplike probleem-areas uit hulle wetenskaplike arbeid te ban, ten einde langs hierdie weg ook die "voldoening" te mag smaak om tot "uitsluisel" of "wetenskaplike afdoening" op hulle bepaalde vakgebied te geraak. In hierdie geval verwys Van Riessen pertinent na die rasionalisme, en hy voeg dan die volgende belangrike en veelseggende waarskuwing daaraan toe: "Gelet op het typisch karakter van het veld van onderzoek der wijsbegeerte moet men evenal alle afgeronde systemen en elke definitieve

oplossing, die geboden worden in de wijsbegeerte, wantrouwen, en evenzeer het streven daarnaar" (1970:29).

Op grond van sy besondere veld van ondersoek sal die wysgeer derhalwe steeds "op soek" wees, en sal sy wetenskaplike uitkomste steeds gevoelig vir kritiek en oop vir korreksie moet bly. Hy bly derhalwe steeds "op weg" na wat Van Riessen bestempel as "hetgeen het menselijk denken te boven gaan". Wysbegeerte sal dan altyd 'n voorlopige karakter vertoon alhoewel hierdie indruk van voorlopigheid van resultate en van 'n "onvermijdelijk altyd tekortschietend inzicht" geensins ontsierend vir die wysbegeerte hoef te wees nie. Die teendeel is eerder waar (Van Riessen, 1970:7).

Histories betrag, is dit duidelik dat die finale en radikale breuk tussen die wysbegeerte (en by name die spekulatiewe vorme daarvan) enersyds, en die vakwetenskappe andersyds die uitkoms was van 'n positivistiese ingesteldheid wat by wetenskaplikes teen die tweede helfte van die negentiende eeu posgevat het. En sedertdien was dit vir die beoefenaar van die wysbegeerte moeilik om veel erkenning onder die gelede van die meeste "wetenskappers" te verkry. Inteendeel, die gangbare ingesteldheid by beoefenaars van 'n vermeende outonome (vak-) wetenskap - nie net diegene wat die natuurwetenskappe bedryf nie, dog ook kultuurwetenskappies wat in hulle wetenskaplike arbeid maar al te graag, en in navolging van die natuurwetenskappe, sogenaamd "outentieke wetenskap" wil bedryf - is ongetwyfeld een van (vermeend) konsekwente vermyding en opskorting van alle wysgerige invloede, om dan langs die weg van (vermeend) gestrenge onbevooroordelheid die outonomie van die vakwetenskappe eens en vir altyd te bevestig en te waarborg.

Die enigste uitweg wat klaarblyklik vir die hedendaagse wysgeer oop lê, is om die "orde" om te keer, en in plaas daarvan om te aanvaar dat die wysbegeerte 'n kosmologiese totaliteitswetenskap is wat 'n onontbeerlike perspektief op die totaalsamehang van alle werklikheidsaspekte - en daar mee ook op die daaraan gekorrelleerde vakwetenskappe - bied, sy wysbegeerte te beoefen in navolging van die modaal-beperkte vakwetenskappe en dusdoende nooit die risiko loop om enigsins in stryd met die sogenaamde "wetenskapsproses" te kom nie. Voorgaande sou dan ook impliseer dat wysbegeerte nōoit begrondend ten opsigte van die vakwe-

tenskappe kán of mág optree nie, dog bloot mag besin oor die immanente gang wat die onderskeie vakwetenskappe gevvolg het (vgl. byvoorbeeld die benadering van die logiese empirisme; vgl. O'Connor, 1971:16-17, 41-45, 105-107; Dupuis, 1966:268; Smith & Ennis, 1962:Voorwoord; Ayer, 1958:46-48; Weitz, 1966:1; Kneller, 1971:97-99, en so meer). Hierdeur word öenskynlik nie net alle spanning tussen wysbegeerte en die onderskeie vakwetenskappe effektief besweer nie, maar staan dit inderdaad die afsonderlike vakwetenskappe vry om self te besluit of hulle kennis wil neem van die wyse waarop die gang van wetenskaplike navorsing epistemologies-wysgerig uitgelê word, en of hulle dit (as vakwetenskaplik geheel en al nie ter sake nie) wil ignoreer. Om hierdie rede een talle vakwetenskaplikes waarskynlik dat hulle sowel filosofies as religieus "neutraal" in hulle wetenskapsbeoefening kan bly. Inderdaad, watter wetenskappe kan "meer neutraal" wees as huis die wiskunde en die fisika?

Die volgende vraag kan egter gevra word: Indien alle wetenskappe die metodes van die wiskunde en die fisika sou volg, impliseer dit dan nie noodwendig dat ook hulle "wetenskaplike gehalte" (respektiewelik neutraliteit en objektiwiteit) daarmee gewaarborg sou wees nie? In hierdie verband word onwillekeurig gedink aan wat denkers, soos Rickert en Litt, met betrekking tot die neutraliteit van die vakwetenskappe gestel het in hulle enigsins onrealistiese uiteensettinge van die verhouding tussen wysbegeerte en die vakwetenskappe (vgl. Dooyeweerd, 1953:547-548).

3. WYSBEGEERTE: META-DIMENSIE VAN ALLE VAKWETENSKAPLIKE BESINNING

Dat besinning oor hierdie grondleggende meta-problematiek van die vakwetenskappe nie in vakwetenskaplike bane geleei kan word nie, lê voor die hand. Immers, selfs die algemene probleemstelling waarmee in hierdie verband geworstel word, trandendeer opsigtelik die modale begrensheid van alle vakwetenskappe, en dit sonder uitsondering. Die kritiese vraag na byvoorbeeld die verhouding van die teoretiese (respektiewelik wetenskaplike) denke tot die menslike selfheid wat steeds aktief is tydens

alle teoretiese werkzaamhede, ontbloot 'n grensproblematiek wat hoege-naamd nie vanuit vakwetenskaplike posisiekeuse oorsien kan word nie. Dit raak ongetwyfeld 'n problematiek wat ook die wysbegeerte tot sy grense voor aangesien, soos Strauss dit stel, "die aanvanklike gestelde kritiese besinning deur hierdie probleemstelling tot kritiese selfbesinning gebring word" (1969:11).

Aangesien elke vakwetenskap dan voortdurend stuit op gegewens wat hoege-naamd nie vanuit 'n beperkte (en beperkende) vakwetenskaplike gesigshoek beantwoordbaar is nie, is dit sondermeer ook duidelik dat die beantwoording van dergelike vrae 'n wysgerige struktuurteorie ver-onderstel wat uiteraard alle vakwetenskaplike gesigshoeke transendeer (Strauss, 1969:12; vgl. ook Dooyeweerd, 1953:576). Vanweë die dogmatiese ontkenning van die noodsaaklikheid van 'n toereikende wysgerige perspektief op bepaalde vakwetenskaplike grensprobleme, word daar veelal op uiters onkritiese wyse, dit wil sê sonder om nadere kritiese rekenskap daarvan te gee, uitgegaan van en geopereer met voor-wetenskaplike en dogmatis-geslote perspektiewe op die grondstruktuur van die vakwetenskappe, en dit ongeag die feit dat elke vakwetenskap - hierdie onkritiese ingesteldheid en dogmatisme ten spyt - steeds in sy immanente gang rekenskap (moet) gee van die "vervlegtingsamehang van die werklikheidsverskeidenheid" (Strauss, 1969:13). En die grensproblematiek wat hiermee aangesny is, raak uiteraard die transcendentale grondprobleme wat onderliggend is aan alle wetenskaplike arbeid, ongeag of dit van wysgerige of vakwetenskaplike aard is: "Die wysgerige denke se betrokkenheid op die verskeidenheidsamehang en totaliteit van die kosmos, ook die vakwetenskap-grondleggende rigting daarvan, word tans uitgedryf tot die aanvaarding van 'n eksplisiële (of implisiële) totaliteitsidee wat sal trag om die grense van die wetenskaplike denkwerksaamheid te verantwoord" (Strauss, 1969:13.)

Die huidige toedrag van sake skyn dan te wees dat die opvatting rakende die radikale skeiding tussen wysbegeerte en die vakwetenskappe ken-merkend geword het van die gangbare wetenskapsbeskouing van ons dag, en dat hierdie aktuele meta-problematiek in die geval van die meeste vakwetenskappe as nie ter sake nie van die hand gewys word. Enige poging, vanuit watter oord ook al, om oor hierdie kardinale sake te besin, word dan gewoonlik ook in "wetenskaplike kringe" gebrandmerk as 'n

onwettige en vrugtelose terugkeer na 'n verouderde en foutiewe opvatting aangaande die taak van die wysbegeerte. Dooyeweerd maan egter die kritiese denker teen 'n onnodiglik negatiewe reaksie op die gangbare communis opinio wat in die onderhawige verband onder die meerderheid wetenskaplikes bestaan. Inteendeel, "we must not hesitate to criticize the current distinction between philosophical and special scientific thought, when it appears to be incompatible with a really critical standpoint" (1953:548).

Die gevare wat die bemoeienis van 'n spekulatiewe metafisiese apriorisme met die besondere vraagstukke van die onderskeie vakwetenskappe meebring, word hoegenaamd nie in die reformatoriese denktradisie onderskat nie. Ook die reformatoriese denker verwerp sonder voorbehoud alle vorme van spekulatiewe metafisika en stel deurgaans die onverbiddelike eis van 'n "integral empirical method" tydens alle filosofiese ondersoekte (Dooyeweerd, 1953:548). Dit word egter in die reformatoriese denke onomwonde gestel dat dit sowel in beginsel as in die praktyk onmoontlik is om 'n vaste skeidslyn daar te stel op grond waarvan die onderskeie vakwetenskappe sogenaamd van die wysbegeerte "geëmansipeer" kan word (vgl. byvoorbeeld Dooyeweerd, 1953:576). Vakwetenskap kan - kosmologies gesien - onmoontlik dermate geïsoleer word dat dit 'n geheel en al onafhanklike en onbetrokke sfeer van menslike aktiwiteit vorm. En enige poging om hierdie siening teoreties te probeer begrond en verdedig, moet vanuit die staanspoor onderhewig gestel word aan die felste kritiek. Immers, die enigste gronde waarop van die (vermeende) autonomie van die vakwetenskappe gepraat sou kon word, sou wees waar besondere vakwetenskappe inderdaad 'n bepaalde aspek uit die geskape werklikheid kon ondersoek sonder enige voorafgaande teoretiese besinning oor die samehang van daardie besondere aspek met die res van die kosmiese aspekteverskeidenheid, en so 'n moontlikheid skyn op kosmologiese gronde nouliks haalbaar te wees: "No scientific thought ... is possible in such isolation 'with closed shutters'. Scientific thought is constantly confronted with the temporal coherence of meaning among the modal aspects of reality, and cannot escape from following a transcendental idea of this coherence ... even the special sciences investigating the first two modal aspects of human experience, i.e. the arithmetical and the spatial, cannot avoid making philosophical pre-suppositions (4) in this sense." (Dooyeweerd, 1953:548.)

As wetenskaplike denkaktiwiteit is sowel wysbegeerte as die vakwetenskappe dan te kenmerk aan die besondere verhouding waarin modaal-abstraherend met sowel die nie-logiese as die objektief-logiese dimensies van die werklikheid omgegaan word. Die verskil tussen genoemde twee vorme van teoretiese denkaktiwiteit lê, soos reeds hierbo opgemerk, egter daarin dat die wysbegeerte, anders as in die geval van die vakwetenskappe wat telkens die werklikheid vanuit 'n besondere (hetsy modaal- of individualiteitstruktureel-getypeerde) gesigshoek betrak, ingestel is op "the totality and unity in the roots of temporal reality" (Dooyeweerd, 1953:86).

Inderdaad, volgens Dooyeweerd is dit doel en opgawe van die wysbegeerte om teoretiese insig te verskaf in die samehang van die tydelike werklikheid as 'n inter-modale sin-samehang (1953:24), want "philosophy must direct the theoretical view of totality over our cosmos and, within the limits of its possibility, answer the question, 'Wie alles sich zum Ganzen webt'". Op grond hiervan kan wysbegeerte dan inderdaad getypeer word as "theoretic thought directed towards the totality of meaning" (Dooyeweerd, 1953:7). Omdat alle sin egter steeds bestaan uit, deur en tot die ware Oorsprong (of 'n surrogaat daarvan) waaragter geen dieper oorsprong bedinkbaar is nie, vertoon alle ontentieke wysgerige denke 'n "genetiese neiging" tot 'n oorsprong (Dooyeweerd, 1953:9). Wysgerige denke is dan denke wat nie rus vind voordat die ware (of vermeende) Oorsprong van alle dinge in sig gekom het nie (Dooyeweerd, 1953:11). Hierdie rusteloosheid van die wysgerige denke is direk te wyte aan die onrus wat bestaan in die menslike selfheid wat steeds aktief is tydens alle teoretiese denke en wat op onrustige wyse op soek is na die rus wat slegs gevind kan word in die ontdekking van sy oorsprong. Gevolglik ontleen alle vorme van wysgerige denke dan ook hulle aktualiteit aan hierdie menslike selfheid in sy rusteloze soeke na sy oorsprong ten einde sy eie sin - en in die sin van sy eie bestaan ook die sin van die ganse geskape werklikheid - te ontdek (5) (Dooyeweerd, 1953:11).

Dit spreek egter vanself dat voorgaande opvatting aangaande die sleutelrol wat die wysbegeerte ten opsigte van alle vorme van wetenskapsbeoefening vervul, hoegenaamd nie deur alle wetenskaplikes gedeel word nie. Inteendeel, "the conceptions of the task of philosophy are extremely divergent and every apriori choice of a position in this matter may be

esteemed dogmatic" (Dooyeweerd, 1953:34; vgl. ook Van Riessen, 1970:29, 32). Ten einde dan enigsins te kan besin oor die denk-apriorieë wat ten grondslag lê aan elke vorm van vakfilosofiese arbeid, en in die onderhawige geval van die vakfilosofie van die opvoedkunde, sal dit nodig wees om bepaalde opvattinge aangaande die aard van wysbegeerte krities in oënskou te neem, juis omdat grondige besinnng oor enersyde enige vakfilosofie, dog andersyds ook oor die aard van die vakwetenskappe, direk afhanklik is van 'n kritiese uitleg van die apriorieë waarmee, en in terme waarvan, 'n denker opereer. Dit blyk dan nodig te wees om teoretiese denke as sodanig nog verder te ontleed, "for no veritable philosophy whatsoever (en hiermee by implikasie ook elke vakwetenskap met sy besondere vakfilosofie) can escape this attitude" (Dooyeweerd, 1953:35; vgl. ook 34-35).

Vakwetenskappe, oftewel vakwetenskaplike gesigshoeke op die werklikheid, waar die logies-objektiveerbare bestudeer word in terme van 'n modaal-geabstraheerde perspektief op die werklikheid, "kristaliseer uit" op grond van die onderskeiding van 'n ooreenstemmende wetensgebied wat of modaal getipeer is (dit wil sê gekorreleerd staan aan 'n besondere werklikheidsaspek), of gerig is op die wetenskaplike verrekening van 'n bepaalde individualiteit- of entiteitstruktuur wat ook op sy beurt sowel gefundeer is in as gekwalifiseer word deur bepaalde modale aspekte. Wat egter op hierdie stadium reeds duidelik behoort te wees, is dat die identifisering, oftewel afperking en omlyning van bepaalde werklikheidsaspekte en ooreenstemmende wetensgebiede hoegenaamd nie in verband staan met die besondere kosmiese strukture van die onderskeie modi nie. Vakwetenskaplike verrekening van bepaalde aspekte van die werklikheid bly essensieel beperk tot die helder-omlynde vakwetenskaplike gesigshoek. Inderdaad soos reeds vroeër opgemerk, kan vanuit geen vakwetenskaplik- (respektiewelik modaal-) beperkte gesigshoek enigsins gevorder word tot 'n oorsigtelike of geheelperspektief op die totaalsamehang van die te onderskeie modale aspekte van die werklikheid nie, uiteraard omdat meer as een aspek tydens so 'n poging tot onderskeiding ter sprake sal kom. Soos dit reeds geblyk het, is slegs die wysbegeerte daartoe in staat om (op grond van sy besondere terrein van ondersoek, te wete die ganse werklikheid in die totaalsamehang van sy konstituerende aspekte) 'n totaalperspektief op die werklikheid, asook die onderskeie grense van die verskillende aspekte daarvan (en die

daaraan gekorreleerde wetensgebiede) te bied. Gevolglik is die bepaling en beperking van besondere vakwetenskaplike studierreine sonder uitsondering aangewese op die een of ander **wysgerige totaalperspektief** waarbinne die kosmiese samehang van aspekte wetenskaplik verreken word, naamlik die identifisering van bepaalde aspekte deur hulle te onderskei van ander aspekte wat van hulle verskil, 'n analise wat onmoontlik op doeltreffende wyse vanuit 'n "deel-perspektief" op die werklikheid ondernem kan word. Aangesien geen vakwetenskap dan buite om die daaraan gekorreleerde modale aspekte wat die werklikheid vertoon bedinkbaar is nie, is dit verder ook duidelik dat geen analise van die tipiese strukture van dinge, konkrete gebeure, handelinge, prosesse, en so meer, óóit onderneem kan word sonder 'n voorafgaande **wysgerige besinning betreffende die modale strukture van die onderskeie geabstraheerde aspekte van die tydelike werklikheid nie** "for the latter imply the theoretical problem of the structural temporal reality in the diversity of its modal aspects" (Dooyeweerd, 1953:85). Hierdie stand van sake beteken - in die mees aktuele sin - dat ook die opvoedkunde nie 'n outonome konsepse kan nahou op of die modale gestructureerdheid van die fundamentele of kwalifiserende aspekte van hierdie besondere entiteitstruktuur, óf die tipiese totaliteitstrukture van agogiese dinge, gebeurtenisse, handelinge, prosesse, samelewingsvorme, en so meer, nie. Binne die omvang van letterlik enige teoretiese analise van hierdie tydelike strukture is 'n teoretiese totaliteitsvisie, wat - soos deurgaans aan die lig getree - uiteraard slegs van **wysgerige aard** kan wees, die onverbiddelike voor vereiste (Dooyeweerd, 1953:85; vgl. ook Dooyeweerd, 1955:124). Inderdaad, "the modal structure of a special aspect is a temporal unity in a diversity of modal structural moments, which can display their modal meaning only in their structural coherence and totality" (Dooyeweerd, 1953:85.). Geen vakwetenskap, en derhalwe ook nie die opvoedkunde, is ook by magte om - as vakwetenskap- uitsluitsel te gee oor die innerlike strukturele verband wat bestaan tussen die onderskeie aspekte wat in agogiese totaalstrukture aanwysbaar is nie. Ook hierdie problematiek (rakende die totaalsamehang van konstituerende elemente van entiteite) is sonder enige twyfel 'n egte **wysgerige probleem**, waarvan die antwoord in onverbreeklike korrelasie staan met die besondere wetsidee wat die betrokke denker daarop nahou en wat ten grondslag lê aan elke teoretiese totaal-visie op die tydelike werklikheid, hoewel dit steeds getoets behoort te word aan eksperimenteel-bewysbare stande van

sake. Dit is só want "an integral structural causality exceeds the boundaries of theoretical thought. It can only be handled as a transcendental Idea, not as a specific concept. It can never yield a scientific explanation of a structural whole" (Dooyeweerd, 1957:159).

4. FILOSOFIE VAN DIE OPVOEKUNDE EN OPVOEKUNDE AS VAKWETENSKAP

Voorgaande bevestig dan dat elke vakwetenskap (en so ook die opvoekunde) uit 'n wysgerige dieptelaag - wat in die laaste instansie verryf op die een of ander idee aangaande die verhouding tussen die wet en die subjek (respektiewelik wetgewer en wetsonderdaan) - voortkom. Sekerlik, geen epistemologie skyn moontlik te wees nie buiten om die hipoteese van 'n bepaalde wetsidee "which attains the full clarity of self-reflection only in the religious horizon of our experience" (Dooyeweerd, 1955:59). In die lig van die feit dat die aard van wetenskap, naamlik modale abstrahering, impliseer dat ook die opvoekunde nooit buiten om 'n wysgerige "voetstuk" dedinkbaar is nie, is die volgende insig van Strauss (1978:6) vir ons doel van besondere betekenis: "Die antwoord wat enige wetenskaplike gëe op die vraag: wat is wetenskap? kan nooit 'n vakwetenskaplike antwoord wees nie, omdat elke sodanige omskrywing oor die betrokke wetenskap praat en daarvan buiten die grense daarvan beweeg. (6)

Verder is dit ook belangrik om daarop te let dat, alhoewel geen definisie van wat opvoekunde wesentlik is 'n vakwetenskaplike karakter vertoon nie, al dergelike beskrywings inderdaad slegs gegee kan word met noukeurige verrekening van wat in die opvoekunde as vakwetenskap **vakwetenskaplik** aan die gang is. Dit beteken dat selfs wanneer wetenskaplikes beweer dat hulle (as byvoorbeeld wiskundiges of historici of opvoekundiges of teoloë of wat ook al) die beste daartoe in staat sou wees om op 'n bevredigende wyse te verduidelik wat presies hulle besondere vakwetenskap is, dit nog hoegenaamd nie die waarheid ophef dat die besondere antwoord wat hulle in die onderhawige verband gee

ongetwyfeld 'n voor-wetenskaplike antwoord sal moet wees nie: "Die maatstaf is dus nie: wie gee die definisie nie, maar: wat is die aard van die definisie!" (Strauss, 1978:6.)

Op grond van voorgaande is ons dan geregtig om twee wyses van wetenskapsbeoefening te identifiseer, naamlik - soos Strauss dit stel - andersyds die soort wetenskap (i.c. die onderskeie vakwetenskappe) wat, indien hulle oor hulleself praat, hulle besondere modale beperkinge ignoreer; buite die grense van hulle vakwetenskaplike bevoegdheid beweeg en hulle uitlaat oor aangeleenthede waaroor hulle, as vakwetenskaplikes, eintlik geen wetenskaplike perspektief kán hê nie. Andersyds is die wysbegeerte 'n soort wetenskap wat, indien hy oor homself praat, asook oor die algemene aard van die problematiek rakende die besondere begrensinge van die onderskeie vakwetenskappe, nog steeds binne sy bevoegdheidsfeer optree. Strauss bestempel die wysbegeerte dan ook in hierdie verband as "die wetenskap van die wetenskappe wat hom onder meer besig hou met die **wysgerige voorvrae** (deurgaans my kursivering) van die wetenskappe" (1978:7-8).

Ongetwyfeld een van die belangrikste en inderdaad sprekendste bewyse van die onverbreekbare onderlinge betrokkenheid tussen wysbegeerte en die opvoedkunde vind ons dáarin dat die wyse waarop analogiese momente wat binne die besondere modale aspekte as "spieëlbeeld" of "weerkaatsing" van alle ander aspekte bestaan, impliseer dat ook die opvoedkunde nooit op **vakwetenskaplike wyse** alleen die aard van die analogiese grondbegrippe waarmee tydens die beoefening van hierdie vakwetenskap gewerk word na behore kan verreken nie, bloot omdat hierdie analogieë verwys na aspekte wat buite die grense van die modaal-omlynde studieveld van die opvoedkunde val. Inderdaad, die "onvermydelike hantering van konstitutiewe analogiese grondbegrippe openbaar opnuut die fundamentele **wysgerige afhanklikheid** van elke vakwetenskap omdat die verantwoording van die sin waarin hierdie begrippe gebruik word, altyd afhanklik is van die een of ander **wysgerige visie** op die samehangende verskeidenheid aspekte in die werklikheid" (Strauss, 1978:50).

Dit moet dan op hierdie stadium duidelik wees dat enige poging tot die teoretiese verrekening van die opvoedingsverskynsel as entiteitstruktuur uit die tydelike werklikheid, direk appelleer op 'n teoretiese visie van

daardie betrokke veld van ondersoek (identifisering) in sy vervleugtheid met die res van die werklikheid (onderskeiding). Immers, indien die totale werklikheid vir die opvoedkunde één sou gewees het, sou hy géén veld van ondersoek kon onderskei nie, omdat daarmee die moontlikheid van analise, respektiewelik identifisering en onderskeiding, opgeskort sou gewees het. Só 'n moontlikheid bestaan egter nie. Elke beoefenaar van die opvoedkunde as vakwetenskap is van meet af aan daartoe in staat om, op grond van besondere teoretiese konsepte aangaande die gestructureerdheid van die werklikheid (samehang tussen aspekte), te kom tot die afbakening of begrensing van die veld wat teoreties ondersoek moet word. Dat elke teoretiese visie oftewel hipotetiese konsep van 'n totale werklikheid waarvan die agogiese 'n integrerende deel uitmaak dan die grense van sowel die opvoedkunde as vakwetenskap as die filosofie van die opvoedkunde te bowe gaan; inderdaad daarvan voorafgaan, spreek vanself: Enige dergelike teoretiese werklikheidsvisie moet oopsigtelik alle vakwetenskaplike grense transendeer en 'n **wysgerige karakter** openbaar (Dooyeweerd, 1953:49). En indien in hierdie verband toegegee word, is die konsekvensie daarvan die erkenning van die onwegdinkbare feit "*that no single special science can possess an essential autonomy with respect to philosophy in the sense of a theory of reality*" (Dooyeweerd, 1953:49).

Indien dan aanvaar word dat, soos hierbo opgemerk, elke wysgerige stroming of denkriëting opereer op die grondslag van die een of ander grondleggende hipotese, is dit sonder meer begryplik waarom ook elke vakwetenskap - waaronder die opvoedkunde - via die invloed van sy betrokke **vakfilosofie**, hetsy direk of by implikasie deel sal hê aan hierdie hipotese wat kenmerkend is aan elke besondere wysgerige totaal-idee. Sodoende bly sowel opvoedkunde (vakwetenskap) as filosofie van die opvoedkunde (vakfilosofie) dan in die eerste en laaste plek direk afhanklik van die wysbegeerte, nie net ten oopsigte van hulle apriori teoretiese opvattinge aangaande die aard van die agogiese nie, dog selfs ook ten oopsigte van die wyse waarop hulle begrippe vorm en wetenskap-like probleem-areas formuleer (vgl. Dooyeweerd, 1953:70).

Voorgaande beteken dat die funderende hipotese of grond-idee wat onderleggend is aan die wysbegeerte as sodanig, ongeag die besondere "nuansering" waarin dit sig mag aandoen, steeds direk sal meespreek in

elke poging tot die teoreties-wysgerige begronding van enige vakwetenskap deur sy besondere vakfilosofie, en dit sonder uitsondering (Dooyeweerd, 1955:159). Aangesien elke vakfilosofie, (i.c. die filosofie van die opvoedkunde) met betrekking tot sy besondere opgawe en tipiese gestructureerdheid egter telkens begrens word deur die bepaalde "snit" uit die werklikheid (i.c. die agogiese) wat langs vakwetenskaplike weë teoreties verreken moet word, kan geen enkele vakfilosofie, as *philosophia specialis*, óóit 'n totaalperspektief op die werklikheid bied en dusdoende as vermeende "philosophical basic science" funksioneer nie: "The particular philosophical pre-suppositions of a special science (my kursivering) exert their apriori influence in the most concrete problems of any particular science" (Dooyeweerd, 1953:544). Inderdaad, die filosofie van die opvoedkunde - net soos alle ander vakfilosofieë - besit dan bestaansreg as "filosofie" slegs by gracie van die feit dat dit bepaalde vakfilosofiese grondslae ondersoek en deurskou in die lig van die een of ander teoretiese totaalperspektief op die geskape werklikheid wat dit aan die wysbegeerte as kosmologiese totaliteitswetenskap ontleen. En hierdie totaliteitsperspektief van die wysgeer, hierdie wysgerige totaalvisie, staan vanuit die staanspoor onder die beheersing van 'n transendentale grondidee en religieuze grondmotief van 'n besondere aard. Inderdaad, 'n vakfilosofie bestaan met die uitsluitlike doel "to set forth the basic problems of the special sciences in the all-sided coherence of meaning of temporal reality and to relate these problems to the super-temporal fulness of meaning and the arche. An isolated *philosophia specialis* is a contradiction in terms" (Dooyeweerd, 1953:545).

Die opgawe van die opvoedkunde as vakwetenskap wat poog om langs teoreties-logiese weg uitsluisel te gee aangaande die ware aard van agogiese verskynsels, onderneem hierdie taak dan nooit in "isolasie", dit wil sê as vermeende outonome vorm van wetenskapsbeoefening nie. Deur sy vakfilosofie is dit op onlosmaaklike wyse verbind aan die een of ander wysgerige stellingname, en in ons geval die Christelik-reformatoriese wysbegeerte, wat daaraan die onontbeerlike grondslag verleen waarop elke vakwetenskaplike uitspraak aangaande die opvoedingsverskynsel berus. Die taak van die opvoedkunde is dan die wetenskaplike ontwaring van 'n besondere verskynsel, dog sý besondere wetenskaplike uitleg van hierdie stande van sake, dit wil sê sý besondere opvatting aangaande die waarheid met betrekking tot sý terrein van ondersoek bly tot in die

laaste konsekwensie verbind aan wysgerige vooronderstellinge wat uit-eindelik in 'n religieuse dieptelaag verwortel lê.

NOTAS

1. Vergelyk in hierdie verband maar net die opvattinge van prominente wetenskapsteoretici, soos Kuhn, Feyerabend, Toulmin, Hanson, Polanyi en ander, asook dié van sogenaamde "linkse" denkers aangaande die gekompromitteerde aard van die wetenskapsbedryf.
2. Hierdie eienskap geld, volgens Van Riessen, selfs die sogenaamde irrasionalistiese filosofieë wat - soos in die geval van die eksistensialisme - probeer om afstand te neem van, en sig te verhef bo die gebied van die wetenskap: "Ook hun werken doelen op universele waarheden, die methodisch gezocht, uit de grond verklaart en in systematisch verband geplaats worden, waarmee men aanspraak op algemeengeldigheid wil maken" (1970:25).
3. Die wysgeer spits hom in die besonder toe op die blootlegging van universalia, en vra homself bv. nie af wat goed, of mooi, of reg in 'n besondere situasie is nie. Met ander woorde, dit gaan in die wysbegeerte nie besonderlik om wat goed is in verband met konkrete moraliteit, wat mooi is in verband met konkrete skoonheid, wat reg is in verband met konkrete geregtigheid ensovoorts nie; vir die wysgeer gaan dit inderdaad om antwoorde op vrae na die aard van goedheid (etiese), skoonheid (estetiese), geregtigheid (juridiese) ensovoorts (Van Riessen, 1970:79; vgl. ook 24 en 25).
4. Vanweë die beperkte en beperkende teoretiese gesigshoek wat die onderskeie vakwetenskappe sonder uitsondering afbaken, kan geen vakwetenskap hom bv. wetenskaplik uitlaat oor ander modi, sonder om 'n beroep - via sy vakfilosofie - op die wysbegeerte te doen nie: "Mathematics in itself cannot fix the modal horizon of the physical law-sphere theoretically. Neither can ethics define the horizon of the juridical aspect, or psychology that of the aesthetic aspect" (Dooyeweerd, 1955:576; vgl. ook Dooyeweerd, 1957:3; Van Riessen, 1970:11, 26 en 27).

5. Dit is om hierdie rede dat geen vakwetenskap die grondleggende probleme, soos bv. dié betreffende die strukturele eenheid van dinge in die modale verskeidenheid van hulle aspekte, selfstandig kan oplos nie. In die geval van bv. die biologie as vakwetenskap blyk dit dat hierdie wetenskap onder ander nie die interne strukturele verhouding tussen die biotiese aspek en die matematische en fisies-chemiese aspekte van 'n lewendige heel teoreties kan oorsien nie. Immers, "this is a genuine philosophical problem, whose solution is dependent upon the cosmonomic basic Idea lying at the foundation of every theoretical view of temporal reality, though it is to be tested by its confrontation with experiential states of affairs" (Dooyeweerd, 1955:159).

6. 'n Bewering soos die volgende: "Wiskunde bestaan uit deel-dissiplines, soos versamelingsleer, algebra, topologie en so meer", kan nie as 'n "Wiskunde-bewering" aangemerken word nie, omdat hierdie omskrywing hoëgenaamd geen aksioma, stelling, bewys, beredenering behels in enige van die konstituerende deel-dissiplines van die wiskunde nie (Strauss, 1978:6).

BRONNELYS

AYER, A.J. 1958. *Language, truth and logic.* Londen : Gollancz.

DOOYEWERD, H. 1953. *A new critique of theoretical thought.* Vol. I. Amsterdam : H.J. Paris.

DOOYEWERD, H. 1955. *A new critique of theoretical thought.* Vol. II. Amsterdam : H.J. Paris.

DOOYEWERD, H.J. 1957. *A new critique of theoretical thought.* Vol. III. Amsterdam : H.J. Paris.

DUPUIS, A.M. 1966. *Philosophy of education in historical perspective.* Chicago : Rand McNally.

- KNELLER, G.F. 1971. Introduction to the philosophy of education. New York : Wiley.
- O'CONNOR, D.J. 1971. An introduction to the philosophy of education. Londen : Routledge. 9de druk.
- SMITH, B.O. & ENNIS, R.J. 1961. Language and concepts in education. Chicago : Rand McNally.
- STÖRIG, H.J. 1974. Geschiedenis van de filosofie. Utrecht : Spectrum. 9de druk.
- STRAUSS, D.F.M. 1969. Wysbegeerte en vakwetenskap. Bloemfontein : Sacum.
- STRAUSS, D.F.M. 1978. Inleiding tot die kosmologie. Bloemfontein : Sacum.
- VAN RIESSEN, H. 1970. Wijsbegeerte. Kampen : Kok.
- VON RINTELEN, F.J. 1973. Contemporary German philosophy. Bonn : Bouvier Verlag. 2de druk.
- WEITZ, M. 1966. Twentieth century philosophy: the analytic tradition. New York : Free Press.